

## **THOMAS ANTWOORDE**

### **HOOFSTUK 9**

1. Hy wil nie opstaan nie omdat dit koud en nog vroeg is.
2. 'n Meisie se stem wat na hom roep.
3. Sy roep hom twee keer op die naam en daarna roep sy, sy naam en van. Daarna sê sy "Thomas, heeelp ...".
4. Nee, sy fluister.
5. Hy hoor voetstappe op die ystertrappe buite sy kamer.
6. Hy dink die persoon wat voorheen in sy kamer was, het teruggekom.
7. Thomas dink die persoon wil hom in sy slap verwurg en as die persoon weet hy is wakker, sal hy Thomas moontlik aanval.
8. Hy sien 'n vars voetspoor. Hy vermoed dit is die voetspoor van die persoon wie se voetstappe hy op die ystertrappe gehoor het.
9. Hy is bang vir die persoon wat op hulle werf is en wil so gou as moontlik wegkom. Hy weet dat hy by meneer Du Toit veilig sal wees en dat meneer Du Toit reeds by die skool sal wees.
10. Hy gesels met Alex en Hannes.
11. Hy wonder of dit nie dalk 'n bergie of 'n straatkind was nie.
12. Sy stel voor dat Thomas by Hannes moet gaan oorslaap en nie langer in die kamer moet bly nie.
13. Thomas word in die wiskundeklas uitgevang dat hy by die venster uitstaar en nie die nuwe werk inneem nie. Hy kry dan ekstra wiskunde-huiswerk. Hannes kan skaars 'n woord uitkry in sy Afrikaanse mondeling en in die geskiedenisklas kry Alex amper die datum van die Franse Rewolusie verkeerd.
14. Juffrou Alberts.
15. Drie dae.

16. Daar hang 'n groot wit wolk oor Tafelberg.
17. Sy wil 'n lesing daaroor in New York gaan gee.
18. Die motor waarin hulle gery het, is amper gekaap. Sy pa is geskiet en is nou verlam. Hannes het langs sy pa gesit toe dit gebeur het.
19. Alex en haar ma se navorsingsassistent by die universiteit gaan meer probeer uitvind oor Sarabeth. Hannes gaan inligting soek oor spoke en geeste en Thomas gaan probeer om meer oor die huis te wete te kom.

## **HOOFSTUK 10**

1. Thomas wil meer uitvind oor die huis en Nicholas Miller is die argitek wat die restourasie van die huis behartig het. Hy is 'n kenner van Victoriaanse huise in die Kaap.
2. I. Waar kan ek meer uitvind oor die geskiedenis van die ou huise in die Oranjezicht-omgewing?  
II. Is daar spesifieke inligting oor Parklaan beskikbaar?  
III. Was die huis baie verwaarloos toe die restourasie 'n aanvang geneem het?  
IV. Watter dele van die huis het die meeste aandag nodig gehad?  
V. Het meeste van die ou goed in die huis behoue gebly of moes dit vervang word?  
VI. Was daar baie werk aan die solderkamer verbonde?
3. Hy sê Old Colonial Houses of the Cape of Good Hope deur Alys Fane Trotter is een van die beste bronne oor Victoriaanse huise aan die Kaap. Daar is ook baie ander boeke oor die onderwerp.
4. Dit beteken dat jy nie ernstig is nie. As jy iemand se been trek, maak jy 'n grappie met hom/haar.
5. Hy noem google.com, altavista.com, ananzi.co.za en yahoo.com.

6. Sy was alleen by die huis en het voor haar dood die voorletter N.M.M. in die solder uitgekrap.
7. Sy reken Sarabeth het die moordenaar geken en dat sy sy voorletter met haar naels uitgekrap het terwyl hy besig was om haar te verwurg.
8. Hy het sy geld uit die goudmyne gemaak.
9. Niemand het regtig geweet waarmee hy besig was nie. Die Britte in die Kaap het gedink hy spioeneer vir hulle en die Boere in Transvaal het gedink hy is besig om hulle te help.
10. Dit is ná sy dood ontdek.
11. Hy het geld vir die Boeremagte tydens die oorlog gegee.
12. Hy het dalk geweet dit sou later nodig wees vir bewyse.
13. Hulle kon iemand in hegtenis neem vir die moord op Sarabeth.
14. Sy gaan vir Anneke help met navorsing in die argief. Haar ma dink dit sal 'n uitstekende les wees oor hoe om navorsing te doen en dat sy meer daaruit sal leer as 'n dag by die skool.
15. Hy het vergeet van Matthys, die prokureursfirma se bode, wat lank alleen in die huis gewerk het.

## **THOMAS @ MOORD.NET**

### **HOOFSTUK 11**

1. Hy moet sy MSW-huiswerk doen.
2. Matthys waarsku Thomas dat hy uit die huis moet wegkom en vlug as hy weet wat goed is vir hom. Matthys voeg dan by dat Thomas nie 'n idee het wat daar nog is nie.
3. Thomas se adres is Parklaan 13, Oranjezicht, Kaapstad.
4. Thabo se ouma, Posizwe.
5. Daar lê 'n leerriempie met 'n snaaksie dingetjie aan, en 'n klein bruin toerygsakkie in haar hand.
6. Sy kom om Thomas te waarsku. Sy sê dat die huis lewe, dat sy bloed in Thomas se kamer sien en 'n jong meisie se gille hoor. Sy gee vir Thomas die gelukbringer om om sy nek te dra vir beskerming. Die kruie wat sy bring, moet hy in die kamer sprinkel om die dooies te laat rus.